# Woordvorming

## Basisse (stamme)

Die **basisvorm** is die kleinste, betekenisdraende deel van ’n woord wat selfstandig kan staan, bv. skilderye – skilder, verhuising – huis.

’n Woord kan uit net een basis bestaan, bv. huis, of uit meer as een basis, bv. kinderkamer – kind + kamer, speelgoedkas – speel + goed + kas.

1. Dui die basis of basisse in die woorde aan.

   a) dowwe ____________________

   b) kleinste ____________________

   c) waentjie ____________________

   d) hemde ____________________

   e) atoombomme ____________________

   f) boekrakke ____________________

   g) slaghoenders ____________________

   h) perskes ____________________

   i) gekoopte ____________________

   j) paadjie ____________________

   k) etenstyd ____________________

   l) perdestalle ____________________

   m) kosbak ____________________

   n) neusringe ____________________

   o) hoedjies ____________________

**Wenke**

Dit is belangrik om te onthou dat die basis van ’n woord verband moet hou met die betekenis van die woord in sy geheel, bv. in die woord **vermorsing** is **mors** die **basis**, en nie **ver** + **mors** nie. Al kan **ver** ’n selfstandige woord wees en sy eie betekenis hê, het dit hier geen betekenisverband met die woord **vermorsing** nie, maar het slegs die funksie van ’n voorvoegsel.

2. Onderstreep die woorde in die volgende paragraaf wat slegs uit een basis bestaan.

   Die ou man wat by die bushalte wag, is baie moeg na die lang dag se harde werk. Hy kan nie wag om by sy huis te kom en lekker voor sy televisie te ontspan nie. Sy vrou wag seker al vir hom met ’n heerlike bord kos vir aandete.


© Oxford University Press Southern Africa

## Voor- en agtervoegsels

Die klein woorddeeltjies wat vooraan of agteraan 'n basis gevoeg kan word, en wat nie 'n eie selfstandige betekenis het nie, word **voegsels** genoem. Kyk na die voorbeeld.

voorvoegsel | basis | agtervoegsel

ge + kap + te

Voor- en agtervoegsels verrig 'n bepaalde funksie wanneer dit by 'n woord gevoeg word.

**Voorbeelde**:
- gevang = **ge** + vang: die voorvoegsel dui die **verlede tyd** aan
- besems = besem + **s**: die agtervoegsel dui die **meervoudsvorm** aan
- appeltjie = appel + **tjie**: die agtervoegsel dui die **verkleiningsvorm** aan
- herken = **her** + ken: die voorvoegsel dui **weer** aan
- onmoontlik = **on** + moontlik: die voorvoegsel dui **nie** aan.

**Wenke**
- 'n **Voorvoegsel** kan ook 'n **premorfeem** of 'n **prefiks** genoem word.
- 'n **Agtervoegsel** kan ook 'n **postmorfeem** of 'n **suffiks** genoem word.

1. Onderstreep die morfeme (voegsels) in die woorde en benoem elkeen.
   a) speler ______________________________
   b) geloop ______________________________
   c) vroulik ______________________________
   d) breekbaar ______________________________
   e) verjaag ______________________________
   f) jaarliks ______________________________
   g) beoefen ______________________________
   h) motors ______________________________

2. Verduidelik die funksie van die vetgedrukte voegsels.
   a) **ge**raas ______________________________
   b) naam**loos** ______________________________
   c) hemp**ie** ______________________________
   d) bou**ers** ______________________________
   e) slim**ste** ______________________________
   f) vrug**te** ______________________________
   g) **ge**sing ______________________________
   h) week**liks** ______________________________

© Oxford University Press Southern Africa